Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

27 Oktober 2023 Uitgawe: 3/4/2023

## UIT DIE KANTOOR

Na 'n besige week van prysuitdelings, glo ek almal sien uit na die naweek wat voorlê. Ek glo die hele land sal ook Saterdagaand vasgenael voor die TV sit om die Bokke te ondersteun net soos wat julle ons prysuitdelings ondersteun het.

Baie geluk aan elke ouer met u kind se prestasies. Dit was vir ons lekker om erkenning te kon gee aan ons leerders op die onderskeie prysuitdelings vir pligsgetroue en harde werk deur die jaar. Ons is baie trots op elke prestasie wat gelewer is, en ek glo dat dit hul verder sal motiveer om net nog beter te doen in 2024.

Oor bietjie meer as drie weke begin die eksamen. U het reeds verlede week die eksamenrooster ontvang. Die buitemuurse program is egter nog vol aan die gang met tennis, krieket, swem, atletiek en vaardigheidsoefeninge vir rugby en netbal wat plaasvind. As gevolg van hierdie besige program, is besluit dat die atletiek massa-oefeninge wat die identifisering van talent insluit, gedurende die kinders se LO-periodes in skooltyd sal plaasvind. Die besluit is ook geneem omrede ons 'n gebrek aan spasie het om te oefen in die middae wanneer krieketwedstryde en oefeninge plaasvind. Daar sal dus geen verdere atletiekoefeninge in die middae plaasvind nie.

Daar word beplan om van 6 - 16 November voorlopige rugby- en netbalproewe vir sekere ouderdomsgroepe te hou, met die oog op oefengroepe vir volgende jaar. Op die kalender is ook voorsiening gemaak vir 'n Tjokkie pretgala wat geskeduleer is vir 16 November saam met die grondslagfase se entrepreneursdag.

**Begrotingsvergadering:**

Ouers word weer vriendelik herinner aan die Begrotingsvergadering wat op Maandag, 13 November 2023 in die ouditorium sal plaasvind.


Die vergadering sal reeds om 17:00 begin en sal teen 17:45 klaar wees.

Ouers word vriendelik versoek om dit by te woon, aangesien u die begroting en nuwe skoolgeld vir 2024 moet goedkeur.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 28 Okt.: | JF Atletiekbyeenkoms (stadion) |
| | (Bokke vs All Blacks) *"Go bokke..!"* |
| 30 Okt.: | o/9 Krieketliga |
| 31 Okt.: | o/11 Krieketliga |
| | o/13 Krieket Aandreeks (WP) |
| 1 Nov.: | Tennisliga (Tjok A vs FP A) |
| | Tennisliga (WP B vs Tjok B) |
| 3 Nov.: | Ritmegroep optrede (H/S Sentraal Musiek en Drama-aand) |

# VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 27 Okt.: | Juf. Maryka Conradie (Gr. 2) |
| 3 Nov.: | Juf. Elzanne Stadler (Gr. 4) |

# ANDER




Van links na regs:

Lian Spies (onderhoofseun), Andries Strauss (hoofseun), Nikki van Biljon (hoofdogter) en Marla Kruger (onderhoofdogter).




**Voortrekker Jeugleiers 2024**

Marizaan du Plessis

Ruan Steenkamp

## UITSLAE

Baie geluk aan die volgende leerders wat plekke behaal het by die Nautilus Wiskundeprojek:

Calem du Toit, Graad 5 - Eerste plek

Corné Liversage, Graad 6 - Tweede plek

## KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres: kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**


PADDANAG
IN
BLOEM
Die hele gesin is welkom
Interessante inligting oor paddas. Vang, identifiseer en vrylaat van paddas.
Plek: Blue Rain Gastehuis, Woodland Hills Boulevard
(tik dit in by Google Maps)
Datum: Vrydag 24 November 2023
Tyd: 17h00 tot laat
Koste: R100 per persoon
Bring jou eie piekniekmandjie en kos.
Jy mag kontant bring vir 'n aandenking.
Nie verpligtend!
Ons verwelkom veral kinders. Die praatjie is inleidend en verstaanbaar vir laerskoolkinders.
Noodsaaklik vir paddavang:
• Wellingtons of Waterskoene – (NIE plakkies nie)
• Koplampie
• Muskietweerder en Muskietwerende klere
• Wees Reg Vir Groot Pret!
Program:
17:00 - 18:30 Arriveer, kuier en ete
18:30 - 19:30 Praatjie en inligting deur:
Dr Edward Netherlands
19:30 - Laat Paddavang by die dam
Paddajag
Kontak vir bespreking: Elrika - 082 940 5783
elrikasenekal@telkomsa.net
Geen besprekings sonder betaling / Betaling nie terugbetaalbaar nie
Kaartjies te koop op Quicket
www.quicket.co.za/events/238552-paddanag-in-bloemfontein-2023/



Die ATKV bied aan

# DINOSOURUSSE
## kan nie lees nie

**Datum:** Saterdag 4 November

**Tyd:** 10:00

**Plek:** Amfiteater by die Oorlogsmuseum, Monumentweg 25, Generaal De Wet, Bloemfontein

**Koste:**
**Betaal slegs die toegangsfooi by die hek.**

'n Sagte kollekte sal ná die vertoning opgeneem word ten bate van die Lettie Fouché-skool en die Vrystaat-nasorgsentrum.

ATKV


Wheel Alignment
and Wheel Balancing
for only
R100
Available on Monday, Wednesday and Friday
Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre
Visit us at 89 Oliver Tambo Rd, Oranjesig Bloemfontein
Call us: 051 816 0300 | bloemfonteinservice@autopedigree.co.za
T's and C's apply
RMI
miwa
AUTO PEDIGREE
quality used vehicles
You deserve a great deal!
SERVICE CENTRE


RE/MAX
RE/MAX
First
TINUS BOSCH
082 924 9544 | tinus@remaxfirst.co.za
BLOEMFONTEIN COURANT
WINNER
2023
BEST OF BLOEMFONTEIN
Ons vir jou
Suid Afrika!
SPRINGBOKS

Stewige, swart seil boeksakkies met verskillende kleure omboorsel vir beskerming van boeke (Verpligtend vir Gr. 4, benodig 7) @ R65 elk of stel van 7 vir R420.
Bestel vroegtydig vir 2024 - betaling met bestelling asb!!

***Whatsapp*** Blanche by 0725052247 vir enige navrae en bestellings.




Kom sing
saam met
Piet Smit
Kersliedjies by :
NG Langenhovenpark
Boerneefstraat 17 - Langenhovenpark BFN
Sondag 5 Nov om 18:00
Toegang GRATIS - met
'n vrywillige offergawe
Piet Smit se CDs sal te koop wees
Kontak : Kerkkantoor 08:30 - 13:45
051 446 2225

# #WEESDIEVERSKIL-fees

**SATERDAG 4 NOVEMBER**
**BY DIE OORLOGSMUSEUM**



## Feesprogram

### Hekke open 09:00

**TOEGANG:**

Volwassenes – R20
Skoolgaande kinders – R10
Voorskoolse kinders – GRATIS

## STALLETJIES-AREA

**Geniet die stalletjies en ander bedrywighede!**

| | |
|---|---|
| 09:45: | Hoërskool Jim Fouché-trompoppies (wêreldkampioengroep) |
| 11:00: | Hoërskool Jim Fouché-trompoppies (wêreldkampioengroep) |
| 11:05: | Willem Postma Primêre Skool-ritmegroep |
| 11:10: | Tjokkies-ritmegroep |
| 11:15: | Eduplus-perkussiegroep |
| 11:20: | The Dance Connection |

## AMFITEATER

**10:00:** *Dinosourusse kan nie lees nie* (kindertoneel)

**11:30:** *Die Indringer* ('n toneelstuk gebasseer op die verhaal van die barmhartige Samaritaan, uit die pen van Maretha Maartens)

**12:30:** Aankondiging van skattejagwenners

**13:00:** *Nostalgie – 'n Reis deur Afrikaanse musiek*

## ANDER DEURLOPENDE BEDRYWIGHEDE:

**SKATTEJAG** – ontsyfer die leidrade en kry jou plakker by vyf verskillende bestemmings.
'n Kontantprys van tot R2 500 is op die spel.

**SPEELAREA** met pret vir jonk en oud.

**KOSSTALLETJIES** en **KUNSMARK**.

Die **HOSPICE**-liefdadigheidswinkel en **SANTA FÉ**-restaurant is oop.

Die **SANBS** se bussie sal daar wees sodat jy werklik 'n verskil kan maak deur bloed te skenk.

Kry 'n gratis **OOGONDERSOEK** deur 'n oogkundige.

Natuurlik is die **OORLOGSMUSEUM** ook oop!

Bloem Nuus News
ROSESTAD 100.6 FM
hospice Charity Shop the Museum
ATKV